

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die geboortegesiedenis van Isak

Reeks preke oor die openbaring van die HERE se verbond en uitverkiesing in die geboortegesiedenis van Isak

Dr AH Bogaards

2012

Preek 5

Lees: Gen.28:10-22; Joh.1:44-52

Teks: Gen.28:12-15 (Isak: nr.5)

Datum: 28 Oktober 2012

Psalms: 92:1,6; 25:2; 46:6; 91:6

1. Inleiding

Jakob het nou die seën gekry. Inderdaad. Maar *hoe*? Langs 'n sondige weg: deur bedrog. So *kán* hy die HERE se seën *nie* ontvang word nie. So gaan die HERE se verbondsbeloftes vir geen mens in vervulling nie. Die sonde blokkeer die weg. Vir Israel sê Jesaja (59:2): *...julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.*

Maar wat sal dan van al die beloftes van die HERE aan Jakob word? En toegepas op ons: Wat sal van God se beloftes aan ons word, as dit van 'n mens sou afhang? Want wie van ons sondig nie?

Die groot vraag is daarom: Hoe sal Jakob die beloftes, uitgedruk in die seën, ooit kry?

Dit wil die Here aan ons toon. Hy leer ons in hierdie geskiedenis: **Die vervulling van die beloftes hang nie af van die uitverkore mens nie, maar van die uitverkiesende God.** Dit hang nie af van die werke van die mens nie, maar dit is die werk van God in Christus.

Dit openbaar die HERE in 'n droom aan Jakob. In verband met hierdie openbaring kyk ons na die volgende:

1. Die HERE gee aan Jakob in hierdie droom iets te *sien* en iets te *hore*;

2. Hierdie openbaring is van besondere betekenis vir Jakob se verdere lewe: sy verblyf in Haran, sy huwelike en die uitbreiding van sy gesin.

2.1. Die HERE gee aan Jakob in die droom iets te sien en te hoor

Jakob moet vlug vir sy lewe. Hy het met menslike middele, met die sondige gryparm van bedrog, probeer om die HERE sy beloftes te bekom. Nou het hy niks nie. Nou het hy alles verloor. Al verder en verder vlug hy weg - weg van die belofteland, in ballingskap.

Met die sterreheemel as dak en 'n klip as kussing gaan lê Jakob op 'n aand om te slaap. In daardie nag droom hy, maar dit is geen gewone droom nie. Die **HERE** gee die droom. Hy openbaar Hom daarin aan Jakob. Dit is 'n droom waarin die HERE aan Jakob sy genade en trou laat sien en hoor.

- In hierdie openbaring kry Jakob *eerstens* drie dinge te **SIEN**. Hy sien:

1. 'n leer, 2. engele wat langs die leer op en af beweeg 3. en bo-aan die leer die HERE self.

By hierdie LEER moet ons waarskynlik nie dink aan 'n gewone leer, 'n leer met sporte, soos ons dit ken nie. Dit was eerder 'n massiewe kliptrap met trappies. Ryk mense in daardie tyd het sulke kliptrappe aan die sykant van hulle huise gehad. Die trap het gelei na die koel boonste vloer van die huis.

Die leer of trap wat Jakob aanskou, is op die aarde opgerig. Die bopunt daarvan reik tot aan die hemel. BO-AAN die leer sien Jakob DIE HERE staan.

Wat wil hierdie droom nou eintlik vir Jakob sê? God wil vir Jakob sê: Daar is 'n verbinding tussen hemel en aarde, tussen die HERE, die Verbondsgod, wat sy verbond aan Abraham en Isak gegee het, en die aarde. Die leer vorm die verbindingskakel, die toegangsweg.

Deur ons sonde is ons pad na God toe afgesny. Die weg tussen hemel en aarde is geblokkeer deur ons ongeregtighede. So kan daar van die HERE se beloftes in ons lewe heeltemal niks tereg kom nie.

Maar in hierdie droom laat die HERE Jakob 'n groot genadewonder sien: Hy toon aan Jakob hoe Hy daardie beloftes aan Jakob tog gaan verwerklik: Daar is weer 'n weg. Die leer is die weg. Die verbinding tussen hemel en aarde is herstel.

Wat is hierdie leer presies?

Ons het geen beter kommentaar op hierdie droom as die Bybel self nie. Die Nuwe Testament laat ons sien wat – of beter gesê Wie – die leer is: Christus is daardie Jakobsleer! Dit sê Hy self in Johannes (1:52) aan Natánael: ***Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.*** Hy is die Middelaar, die bemiddelende leer wat die verbinding tussen hemel en aarde bewerkstellig.

Dit is belangrik dat ons moet hoor hoe Jesus Homself noem. Hy noem Homself ***die Seun van die mens.*** In hierdie een Naam is alles gesê. Daarmee sê Jesus presies hoe die verbindingsleer daar uitsien: Die Seun van God het ware mens geword om in ons plek die toorn van God te dra en die wet te vervul. So het Hy ons met God versoen en hemel en aarde met mekaar verbind.

Hy is die brug wat die kloof tussen hemel en aarde oorbrug.

Calvyn sê in sy kommentaar op Johannes 1 vers 52: Dit is Christus alleen wat hemel en aarde verbind. Hy is die enigste Middelaar wat van die hemel na die aarde kan reik. Hy is ook die Een deur Wie die volheid van alle hemelse goedere van bo-af op ons neerdaal en deur Wie ons van ons kant tot God kan opklim Ons, wat nie alleen aan die aarde gebonde was nie, maar in die afgrond van die vervloeking en in die hel self neergedaal het, ons klim deur Christus op tot God.

Deur Christus kan ons weer na God toe gaan en deur Hom ontvang ons die weelde van God se beloftes. Hy is die weg en die waarheid en die lewe.

Buiten die leer sien Jakob ook ENGELE wat op en af met die leer langs beweeg. Dit is eweneens betekenisvol.

In Hebreërs 1 vers 14 word van die engele gesê: Hulle is ***almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe.***

Dit sien ons ook alreeds in die eerste Bybelboek, Genesis:

- Twee engele word gestuur om Lot uit Sodom te bevry, voordat dit verwoes word (Gen.19). Later sou ook die einste Jakob 'n leer van engele tot sy beskerming sien neerdaal (Gen.32:1,2).

Ook in die Nuwe Testament hoor ons van die besondere diens van die engele aan die gelowiges:

- Op belangrike momente in die lewe van Jesus is die engele daar: Die engel Gabriël kondig die geboorte van Jesus aan Maria aan (Lk.1); engele verkondig aan die vroue by die graf dat Jesus opgestaan het (Mt.28) en engele sê aan die dissipels by Jesus se hemelvaart dat Jesus net so sal kom soos hulle Hom na die hemel sien wegvaar het (Hand.1).
- En wat 'n rol het die engele nie gespeel in die lewe van die jong kerk in Handeling nie. Die Here stuur 'n engel om Petrus uit die gevangenis te verlos en Herodes, wat die kerk vervolg, word deur 'n engel aangeraak en hy sterf (Hand.12).

Ja, dit mag ons weet:

**"Die HEER sal in gevaar
sy leërs om ons skaar,
oneindig in getal.
die God van Jakob sal
vir ons 'n veil'ge vesting wees". (Ps.46:6, Totius)**

- Maar Jakob sien nie net iets nie. Hy kry ook in die **tweede plek** iets te **HORE**:

Die HERE staan die bo-aan die leer en Hy belowe aan Jakob: Hy sal die land Kanaän ontvang. Ook sal hy 'n groot volk word.

Die HERE kom en heel persoonlik verseker Hy Jakob: Die beloftes aan Abraham en Isak is ook vir jou bedoel.

En dan eindig die HERE sy woorde met die heerlike Immanuel-belofte: **En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land"**

Ek – dit staan daar met nadruk: **Ek, Ek is met jou....** En dan is dit verder ook net Ek, Ek, Ek. Die beloftes is gewaarborg deur God self, deur dit wat Hy doen: "...**Ek** sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en **Ek** sal jou terugbring in hierdie land...". En dan eindig die HERE met die versekering: "...**Ek** sal jou nie verlaat nie, totdat **Ek** gedoen het wat **Ek** jou gesê het".

Ons kom by die tweede hoofpunt:

2.2. Hierdie openbaring is van besondere betekenis vir Jakob se verdere lewe

,vir sy verblyf in Haran, sy huwelike en die uitbreiding van sy gesin.

Dit is van heel besondere betekenis wanneer Jakob hierdie droom te siene kry: Dit gebeur voordat hy in Haran, by Laban, aankom. Hy ontvang die droom dus voor sy huwelike en die uitbreiding van sy gesin. Dit is geweldig veelseggend: **Eers** is daar die droom en **dan** die uitbreiding van sy gesin. Ons kan ook maar sê: **Eers** is daar die leer en **dan** die ontstaan, die geboorte van die kerk. Die leer maak dit moontlik. Die droom laat ons die geheim van die groei en die uitbreiding van die kerk sien.

In die Nuwe Testament sien ons die vervulling van hierdie droom: In die Evangelies, in die geboorte, lyding, opstanding en hemelvaart van ons Here Jesus, het ons die oprigting van die leer. Dit gaan vooraf aan die boek Handeling. In Handeling word aan ons vertel van die uitbreiding van die kerk. **Eers** is daar die kruis, **dan** die kerk.

Die kerk ontspruit uit die HERE se beloftewoord dat daar 'n groot volk sal kom, MAAR die belofte gaan in vervulling deur en danksy die leer, dit wil sê: deur en danksy die werk van Jesus Christus. Deur en danksy Hom kom vir ons die ewige Kanaän. Deur die krag van sy kruis kom mense tot bekering en groei die kerk. Deur en danksy Hom is God met ons, oral en altyd.

In die katkisasieklas en met die aflegging van geloofsbelydenis word die wonder herhaal: Kinders leer daar van God se verbindingstrap, van Jesus Christus. So groei God se kerk.

Na hierdie droom moet Jakob verder op sy reispad.

Op daardie tydstip het hy nog niks nie. Van die groot volk waarvan die Godsbeloftes praat, sien hy heeltemal niks nie: Hy het nog kind, nog kraai. Die beloofde land het hy ook nog nie. Intendeel, hy moet wegvlug uit die land van belofte na 'n land 1250 kilometer daarvandaan. Van al God se beloftes het hy dus nog niks nie. Al wat hy het, is die droom, die Godswoord. Dit is sy "Bybel". Met daardie "Bybel" in die hand moet hy verder. Dit is al wat hy het, maar dit is ook meer as genoeg. Jakob moet leer om te wandel deur geloof en nie aanskouing nie. Die wandelaar moet steunende op die staf van die Woord sy reis voortsit.

Die wandelaar moet verder gaan op sy moeisame tog. Maar hy is nie alleen nie. Die HERE is by hom. En sy engele:

***"Rondom jou ruis die eng'levoet
met liggewikte treë,
hul kom die wand'laar tegemoet
en lei hom op sy weë.
Hul bied op Gods bevel hom aan
die hulp van will'ge hande,
en dra hom, waar die reispad gaan***

oor ruwe rotserande". (Ps.91:6; berymd)

3. Slot

Aan die nagmaalstafel van volgende Sondag sal ons dieselfde sien as Jakob: Die band tussen ons en God is herstel. Immers, ons mag saam met Hom aansit aan sy vrede tafel. Die brood en die wyn, die liggaam en die bloed van Christus het dit gedoen. Aan hierdie tafel verseker die Here ons dat Hy met ons wil wees.

Ons sien die kerk van die Here rondom hierdie tafel en dit is danksy die kruisoffer van Jesus. So groei God se volk, hul groei deur Gods genade.

AMEN